DIE EKONOMIESE ONDERGROND VAN AFSONDERLIKE ONTWIKKELING

Dr P E VAN DER DUSSEN

Professor en Departementshoof:
Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis
Dekaan Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe
Universiteit van Fort Hare, ALICE, Kaapprovinsie

Voordrag voor die Tweejaarlikse Kongres van
Die Suid-Afrikaanse Buro
vir Rasse-Aangeleenthede
Johannesburg, 29 September tot 1 Oktober 1976

VOORWOORD

Let daarop dat hierdie artikel oorspronklik in 1976 tydens die laaste dae van die beleid van afsonderlike ontwikkeling geskryf is. As gevolg van die aktiewe teenstand van veral die Engelse media terwille van die belange van die grootgeldmag, het Vorster se sogenaamde *entente* of spanningsverligting reeds oorgeneem. Dié beleid was niks anders as die snelste moontlike afbraak van afsonderlike ontwikkeling nie terwille van die ekonomiese liberalisme wat op die grondslag van die hoogste moontlike wins teen die laagste moontlike koste gebou is.

Die heruitgee van die artikel het ten doel om aan te toon dat afsonderlike ontwikkeling nie die gruwelikheid was soos dit tans voorgehou word nie. Inteendeel toon die verwikkleing van sake sedert die afbraak van die beleid begin het dat die Swart mense, eintlik die Swart volke, tans baie slegter daaraan toe is as destyds, en inderdaad geen vooruitsig op verbetering het nie. Die destydse Hoofminister van die voormalige Ciskei, mnr Lennox Sebe, met wie die skrywer as senior personeellid van die Universiteit van Fort Hare op goeie voet verkeer het, in geprekke én in die openbaar sterk daarop gestaan het dat stemreg en vlae en grondwette nie Vryheid of voorspoed bring nie. Onbevooroordeelde beskouing van wat sedert 1994 aan die gebeur is bevestig mnr Sebe se insig ten volle.

DR P E VAN DER DUSSEN
Pretoria, Julie 2013

DIE EKONOMIESE ONDERGROND VAN AFSONDERLIKE ONTWIKKELING

INLEIDING

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling bereik in 1976 'n besondere mylpaal wanneer die Transkei op 26 Oktober 'n onafhanklike republiek word. Deur dié gebeurtenis sal dit wat eens 'n vae gedagte was, maar geleidelik duideliker vorm aangeneem het, 'n voldonge feit wees wat nie weggeredeneer sal kan word nie. Tien jaar na die dood van dr H F Verwoerd kry die visie van hierdie staatsman politieke gestalte, en dit is gepas dat sy naam hieromtrent nie verswyg word nie. Met groot ywer en krag het hy na hierdie mikpunt toe gewerk, stap vir stap die weg aangetoon en self voorberei, sonder om ook maar 'n enkele oomblik die einddoel uit die oog te verloor. Dit is 'n eer en voorreg om die vrugte van sy arbeid te mag help en sien ver-wesenlik. En hoedanig afsonderlike ontwikkeling ook bekritiseer mag word uit talle oorde, **dit het werklikheid geword wat nie ongedaan gemaak kan word nie**.

Die bereiking van politieke onafhanklikheid is egter net een van die stappe van die Transkei en die ander ontluikende Bantoestate in Suid-Afrika, en miskien die mins ingewikkelde. Dit behels betreklik formele sake soos 'n grondwet en al die instellings wat eie daaraan is, 'n vlag en 'n volkslied, en 'n ooreenkoms tot erkenning. Daar is naas die politieke aspek egter sake soos die volk en maatskappy wat beslag moet kry, en veral die ekonomiese selfverwesenliking van die nuwe staat. Politieke onafhanklikheid en ekonomiese selfstandigheid is 'n

onafskeidbare tweeling. Ongelukkig is hulle nie identies nie. Teenoor die betreklike enkelvoudigheid van die politieke saak staan die ingewikkeldheid van die ekonomiese faset wat nie organisatories opgelos kan word nie maar organies van aard is. Waar hierdie aspek die ooglopendste is, is dit ook die moeilikste om te ontrafel, en dit verklaar moontlik waarom die ekonomiese *raison d'etré* van afsonderlike ontwikkeling nie baie verder as die denkpot gekom het nie. Terwyl daar wel aan ekonomiese afsonderlike ontwikkeling gewerk is, is dit sonder meer aanvaar sonder om werklik op die sinvolheid daarvan in te gaan. Enkele riglyne word in die bestek van hierdie voordrag aangedui.

Die betekenis van die begrip *afsonderlike ontwikkeling* word hoof-saaklik vanuit die ekonomiese oogpunt behandel. Daar word op die koste gewys wat deur die bestaande toestand meegebring word en watter bykomende koste verwag kan word as dit onbepaald voort-duur. Verder word die praktiese uitvoering van die beleid en die eie aard van die desentraliseringsbeleid in Suid-Afrika kortliks ontleed. Deurgaans word die uitvoerbaarheid van ekonomiese afsonderlike ontwikkeling en die haalbaarheid van voorafgestelde doelwitte in die oog gehou.

OMSKRYWING EN AFBAKENING

Die omskrywing en afbakening van 'n onderwerp is altyd noodsaaklik, en daar is noodsaak om duidelikheid oor die begrip *afsonderlike ontwikkeling* te kry. Deur veelvuldige gebruik het dit al byna 'n *cliché*-agtige uitdrukking geword wat sonder nadenke gebruik word. Die gevolg is dat dit terwille van afwisseling met ander begrippe sinoniem

gestel word terwyl daar geen of weinig ooreenkoms in betekenis bestaan nie. So laat *veelvolkigheid* die ontwikkelingsaspek skade ly. *Veelvolkige ontwikkeling* is 'n holistiese begrip wat 'n eenheidsekonomie in Suid-Afrika veronderstel. *Interafhanklikheid* lê nader omdat die voorvoegsel *inter* afsonderlike eenhede impliseer. Die woord in geheel veronderstel egter dat Suid-Afrika soos hy tot nou toe staatkundig daar uitsien ook in die toekoms een geheel sal bly.

Die werklikheid het die beklemtoning van die eenheidsgedagte agterhaal. Die Transkei kan nie meer ongedaan gemaak word nie en die verloop wat hy aan die gang gesit het, gaan met betrekking tot ander Tuislande voort. Die huidige verloop het trouens met die onafhanklikheid van die ou Britse gebiede Botswana, Lesotho en Swaziland begin. Die verhouding tussen die BLS-lande en die RSA het oor die laaste jare gemakliker geword en die staatkundige skeiding van weë het sy neerslag op die ekonomiese vlak gehad, Daar is geen rede waarom dieselfde nie ten opsigte van die Transkei en sy navolgers sal gebeur nie.

Ten spyte van die sterk aangewesenheid van die BLS-lande op die RSA word hulle deur hom as afsonderlike entiteite erken, staatkundig, ekonomies en andersins. Daar is baie lewensfasette wat afsonderlik van mekaar gesien kan en moet word, maar die onderlinge samehang moet nie uit die oog verloor word nie. Met stelligheid sal die aanvaarding en erkenning van staatkundige afsonderlikheid ook na ander lewensterreine deurwerk, ook die ekonomiese. **Afsonderlike ontwikkeling is nie teen-natuurlik nie, maar die enigste weg waarlangs volle erkenning aan die natuurlike neiging tot selfverwesenliking by alle**

volke, in die plaaslike raamwerk en omstandighede kan ontwikkel.

Afsonderlikheid beteken nie *afsondering* nie. Soms word die staatkundige opset in Europa as toekomsmodel vir Suid-Afrika voorgehou: Duidelike landsgrense, en duidelike identifisering van volke met hulle eie lande, maar nie in afsondering van mekaar nie. Tot die middel-sestigerjare was daar 'n sterk beweging om 'n *Verenigde State van Europa* as een politiek-staatkundige moondheid tot stand te bring. Dit het destyds egter nie haalbaar geblyk te wees nie. Inteendeel is daar toenemende afskeidingsneigings wat tot selfs die Verenigde Koninkryk van Brittanje begin raak. Binne die Europese Ekonomiese Gemeenskap dwing die werklikheid van verswakte ekonomiese omstandighede die lidlande tot toenemende selfstandige of afsonderlike optrede om hulle eie belange te beskerm. In alle gevalle is die optrede egter steeds binne die raamwerk van die heersende omstandighede en nie in afsondering nie. Dat die afsonderlik-ontwikkelende state in Suid-Afrika onderlinge belange het en sal hê, staan vas, en ook dat hierdie onderlinge belange die raamwerk vorm waarbinne hulle sal kan optree. In hierdie sin bestaan daar sterk *interafhanklikheid,* maar dan tussen afsonderlike eenhede en nie tussen segmente van een eenheid nie. Interafhanklikheid volg op afsonderlike ontwikkeling, maar kan dit nie vervang nie.

Naas die afsonderlikheidselement vereis die ontwikkelingsaspek aandag, bepaaldelik ekonomiese ontwikkeling. Ontwikkeling beteken vooruitgang. Ekonomiese vooruitgang het op die uitbreiding van 'n land of 'n volk se totale produksie betrekking. Die produksie van of in 'n *land* het betrekking op alles wat binne die grense

van daardie land geproduseer word, terwyl die produksie van 'n *volk* die som van die produksie is wat deur alle lede van die volk opgelewer word. Omdat mense oor grense heen beweeg, sal daar altyd 'n verskil tussen die twee groothede wees, maar normaalweg sal dit nie groot wees nie. Die produksie van of in 'n land oor 'n gegewe tydperk word die *binnelandse produk (BP)* van daardie land genoem As die produksie wat deur produksiefaktore uit ander lande in daardie betrokke land opgelewer word afgetrek en die verdienste van burgers van hierdie land in die buiteland bygetel werk, word die totale verdienste van die volk van die land verkry. Dit word die *volksinkomste (VI)* genoem en is die totale inkomste wat die volk van die land uit hoofde van die aanwending van die produksiefaktore wat hulle besit verdien, waar- ookal in die wêreld. Dit is belangrik om op die beklemtoning van verdienste te let, in dié sin dat inkomste nie uit die lug val nie, maar die opbrengs van produksiefaktoraanwending is. **Inkomste word slegs deur arbeid, menslike bedrywigheid, verwerf.** Geld is op sigself geen waardevolle goed nie, maar ontleen sy waarde slegs daaraan dat hy 'n algemene verteenwoordiger van produksie is. Daarom word vereis dat salaris- en loonsverhoging met verhoogde produktiwiteit gepaard moet gaan. **Die volksinkomste kan slegs meer word as die volk meer produseer. Dit beteken doeltreffender werk, wat harder werk insluit.**

Wat beteken dit om te werk? Die mens is die enigste lewende, selfstandige produksiefaktor; kapitaal en grond is leweloos. Werk beteken dat die mens deur verstandelike en fisiese inspanning die middele wat tot sy beskikking staan, aanwend ter verkryging van sy daaglikse behoeftes en tot bloei van die aarde. Hoe beter die mens werk, hoe groter sal die bloei wees. Dit lei tot belangrike gevolge.

Eerstens word 'n land se ekonomiese lewensvatbaarheid nie deur sy grootte of die aanwesigheid van natuurlike hulpbronne of die gehalte van sy bodem bepaal nie; die enigste bepalende faktor is die volk van daardie land, en of daardie volk dit wat tot sy beskikking staan, tot die uiterste wil benut, met aanvulling deur internasionale handel waar dit nodig is.

Tweedens het geen volk en geen staat die reg het om andere vir sy eie armoede en tekorte verantwoordelik te hou nie. Die onderontwikkelde lande moet ophou om op die ontwikkelde lande te skree en te eis om die laasgenoemde se rykdom met hulle te deel. Die armes is nie arm **omdat** die ryk lande welvarend is nie, maar **ten spyte** daarvan. Die rykes kan immers slegs uit hulle rykdom aan die armes hulp verleen. 'n Bietjie beskeidenheid, 'n bietjie selfondersoek, 'n bietjie die hand aan die ploeg (deur die ryk land geskenk!) slaan sal sekerlik nie onvanpas wees vir (die leiers van) die onderontwikkelde volke nie.

Derdens is dit nie sonder meer sonde om ryk te wees nie. Omgekeerd is die arme nie sonder meer salig nie. Rykdom wat met harde werk verkry word, is goed en mooi. Armoede wat uit luiheid voortkom, is sonde. Gaan in die Bybel na hoe dikwels luiheid en leeglêery as 'n gruwel voor die HERE bestempel word. In II Tessalonisensse 3:10 verklaar die Heilige Gees deur die Apostel Paulus: *As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.* Vanself onthef hierdie opmerkings nie dié wat het van die verpligting tot Christelike handreiking aan dié wat gebrek ly nie, maar laasgenoemdes is dan ook verplig tot dankbare nederigheid.

Ontwikkeling of vooruitgang het ten grondslag dat die beskikbare hulpbronne óf in voller omvang óf op beter wyse tot groter produksie aangewend word. In albei gevalle vind ekonomiese groei plaas. Aangesien dit die mens is wat uiteindelik bepaal in hoeverre en hoedanig die hulpbronne benut word, sal ekonomiese groei die uitkoms wees van die ontwikkeling van die mens sélf. Daarom moet ekonomiese groei eerder as simptoom en nie as oorsaak nie beskou word. In die meeste onderontwikkelde lande, ook dié waaroor dit by afsonderlike ontwikkeling gaan, vind onderbenutting van die bestaande hulpbronne plaas. Dit was en is deel van die beleid van Tuislandontwikkeling om hierin 'n verbetering te bring, veral deur opleiding en voorligting, en beperkte sukses is behaal, hoewel dit miskien nog klein is. Aandag word eerder op die menslike faktor toegespits wat terwille van die gerieflike woordgebruik *arbeid* genoem word. **Die doeltreffender benutting van hulpbronne is belangrik, maar uiteindelik verg die voortgesette ontwikkeling en groei van 'n land 'n groter en beter inset van die menslike bydrae en die ontwikkeling en groei daarvan.**

ONTIDENTIFISERING – KOSTE EN HERSTEL

Daar is op gewys dat die verskil tussen die binnelandse produk en die volksinkomste van 'n land normaalweg klein sal wees. In die geval van die Tuislande toon die statistiek vir 1973/74 egter dat hulle gesamentlike Binnelandse Produk R392-miljoen beloop het, slegs 25 persent van die Volksinkomste van R1 566-miljard. Dit beteken dat pendelwerkers R318-miljoen en trekarbeiders R856-miljoen (saam R1,174-miljard) in die RSA (dus buite die Tuislande) verdien het. Daarbenewens het Bantoes wat half-permanent in die RSA werk, nog R1,528-miljard aan

inkomste verdien. As inkomste en produksiewaarde aan mekaar gelykgestel word, het die Tuislandburgers saam in 1973/74 sowat R2,75-miljard buite die Tuislande geproduseer en slegs 'n sewende daarvan daarbinne. **Die RSA het dus ongeveer sewe-agstes van die totale produksie van die volke van die Tuislande in 1973/74 in sy eie Binnelandse Produk ontvang.**

Hierdie gegewens toon 'n ernstige graad van ontidentifisering tussen land en volk by die Bantoevolke. As die mens se kernrol by ekonomiese ontwikkeling inaggeneem word, is dit geen wonder dat die Tuislande onderontwikkeld is nie. Hierby geld bykomend dat afsonderlike ontwikkeling op ekonomiese gebied nie naastenby met die ontwikkeling op ander gebiede (veral staatkundig) tredgehou het nie. Hiervoor word baie redes aangevoer waarop nie hier ingegaan word nie. Eerder word die koste van die bestaande toestand en die reg-stelling daarvan benadruk.

Die ontidentifisering tussen land en volk waarvan hier sprake is, spruit daaruit dat daar binne bereik van die Tuislande maar buite hulle grense, werkgeleentheid vir hulle inwoners ontstaan het. Skeiding het tussen woonplek en werkplek gekom. Die regstelling kan eenvoudig gestel word: Skep werkgeleentheid binne die herkomsgebiede van die arbeidsmag., of ten minste binne die bereik van sy normale woonplek. Tradisioneel beteken dit dat die ekonomiese suigkrag van die Tuislande verhoog moet word sodat tenminste nie nóg van hulle werkers na die RSA wegvloei nie, terwyl die moontlikheid geskep word vir dié wat reeds weg is om hulle produksiekrag eerder in hulle eie lande te kom aanwend. Aanvullend moet die suigkrag van die RSA verminder word.

Saamgevat beteken dit dat volk en land weer met mekaar geïdentifi-seer moet word deur die werkplek na die woonplek te bring. Rondom hierdie eenvoudige antwoord draai die sukses al dan nie van afsonderlike ontwikkeling *in sy volle wese.* Dit is die enigste wyse waarop die energie, die werkrag, van die Bantoevolke tot die voordeel van hulle eie lande en volke aangewend kan word. Dit is ook die enigste wyse waarop die dreiging afgeweer kan word (as dit nie reeds te laat is nie) dat Suid-Afrika in dieselfde toestand as Duitsland en ander Europese lande met betrekking tot hulle gasarbeiders beland. In hierdie lande is dit reeds enkele jare so dat die bykomende bydrae van gasarbeiders tot die Binnelandse Produk nie meer vir die regstreekse en onregstreekse koste verbonde aan die gasarbeiders vergoed nie. Politiek-maatskaplike probleme maak dit egter feitlik onmoontlik vir die Europese gasheerlande om van die gasarbeiders ontslae te raak. Selfs ten spyte van die grootskaalse werkloosheid in die heersende depressie is daar miljoene van hulle in die gasheerlande.

Die koste van ontidentifisering deur trekarbeid kom vir die tuisland van die trekarbeider op die verlies van produktiewe krag neer. Dit word daardeur vererger dat juis die beste mense mettertyd daarin slaag om permanente werk in die gasheerland te bekom en lank daar bly. Vir die gasheerland is daar eweneens aansienlike koste wat toenemend opwaarts neig. Die gasheerland aanvaar per veronderstelling die koste van opleiding en huisvesting, en ook maatskaplike versorging soos mediese dienste en onderwys. Namate die werker se produktiwiteit toeneem, neem ook sy inkomste en sy behoeftes toe. Hoe langer hy bly, hoe meer gebeur dit dat hy sy gesin met hom

saambring of na hom toe laat kom, met opnuut maatskaplike koste vir die gasheerland. Hoe langer die verskynsel duur, hoe groter word die natuurlike aanwas, en terselfdertyd die getal oues, wat nogeens bykomende en ophopende koste meebring. Die gebruik van trekarbeid kan dus vir die gasheerland hoogstens tydelike voordeel bring. As die gasheerland betalingsbalansprobleme ervaar kan hierdie voordeel van baie kort duur wees.

In Suid-Afrika geld die unieke toedrag dat die RSA as gasheerland optree, maar ook die enorme verantwoordelikheid van Tuislandontwikkeling aanvaar. Dit maak die wyse van aanpak van die toestand makliker, aangesien daar nou eerder oor die plek as die aard van optrede besin moet word. Ter voorbeeld geld dat om 20 000 werkers met hulle gesinne te huisves, 'n gelyke getal huise gebou moet word, hetsy in die bestaande nywerheidsgebiede óf in 'n tuisland.

Vir die ekonomiese gebied as geheel is dit om het ewe waar dit gedoen word. Word dit by Johannesburg gedoen, is dit koste vir die RSA sonder regstreekse voordeel en eerder nadelig vir die tuislande. Word die huise by Butterworth in die Transkei gebou, bring dit stellig minder koste vir die RSA mee. Daarby, en belangriker, verteenwoordig dit **kapitaalinvloei vir die Transkei**, skep **werkgeleentheid binne die Transkei** en gee dit gevestigdheid aan die Transkeiers in hulle eie land, **wat ontidentifisering teenwerk**. Die skepping van werkgeleentheid te Butterworth kan aanvanklik duurder of minder winsgewend as aan die Rand wees, maar die besparing op behuisings- en vervoerkoste sal minstens gedeeltelik hiervoor vergoed. In elk geval neem die vestigingskoste vinnig af sodra 'n nuwe nywerheidsgebied op sy eie begin

ontwikkel en die ekonomiese vermenigvuldiger en versneller in werking kom. Die verskuiwing van ekonomiese bedrywigheid na die tuislande toe sal dus vir die RSA nie juis verlies beteken nie terwyl die tuislande self sal wen. Dit in teenstelling met voortgesette saamtrekking by die bestaande nywerheidsgebiede in die RSA.

Voordat die praktiese uitvoering van ekonomiese afsonderlike ontwikkeling aandag geniet, word kortliks na die rede vir die huidige toedrag van sake gekyk. Waarom is daar nie vir die Bantoe werkgeleentheid volgens moderne norme in sy eie land nie? Die antwoord hierop geld vir elke onderontwikkelde land, naamlik **die gebrek aan ondernemerskap wat nodig is vir die toenemend doeltreffender benutting van hulpbronne en die uitbaat van geleenthede wat hulle voordoen en aangebied word**. Daar het oor die afgelope dekade of so 'n groot getal Bantoe as ondernemers na vore gekom van wie sommige baie sukses behaal het. Op hierdie mense rus die verantwoordelikheid as die voorlopers op 'n lang pad om die wese van hulle verandering in denke na hulle volke uit te dra. Want ten spyte van die groeiende getal suksesvolles is daar ook dié wat misluk, terwyl die beginsels van ondernemingsin en inisiatief hoegenaamd nog nie die volke in breë opset beetgepak het nie. Voordat dit nie gebeur nie, sal hierdie volke maar stadig vooruitgaan.

Naas die gebrek aan 'n algemene sin vir ondernemerskap ondervind alle onderontwikkelde lande **'n tekort aan kapitaal**. Tot op groot hoogte gaan hierdie twee sake hand aan hand. Kapitaal is nodig om vir die mens die hulpmiddele te verskaf wat hy nodig het om die hulpbronne beter te benut. Dit moet egter nie eng tot masjinerie en fabrieksgeboue en mynskagte beperk word

nie. Om goed te kan werk, het 'n mens onderwys en opleiding nodig, redelike huisvesting, redelike vervoer, en dies meer, asook 'n geordende staats- en maat-skaplike struktuur.

Die besteding van geld op al hierdie vlakke beteken kapitaalopbou. Waar kom die geld vandaan om kapitaalgoedere te verwerf? Spaargeld moet hierin voorsien. As daar 'n algemene ondernemingsin by 'n volk bestaan, sal daar ook spaarsin wees. Daar kan net gespaar word nadat aan die daaglikse behoeftes voldoen is, met ander woorde uit die oorskotproduksie en -verdienste wat vir onmiddellike verbruik nodig is. Besparing vind by die Bantoe plaas, veral by diegene wat vir 'n geldloon werk. Hierdie besparing is egter grotendeels van 'n oppottingsaard en op verdere verbruik gerig, soos die aankoop van 'n fiets, 'n radio of 'n motor. Dit bied nogtans die moontlikheid aan die ondernemende Bantoe om hierdie geld tot produktiewe kapitalisering te mobiliseer. Op die oomblik kom egter byna alle produksiekapitaal vir die Tuislande uit hulle buiteland, die leeue-aandeel uit die RSA in die vorm van owerheidsinvestering, reg-streeks of deur ontwikkelingskorporasies. Dit beteken ontwikkelingshulp, wat wel ontwikkeling *in 'n land* meebring, maar nie *ontwikkeling van die volk* van daardie land nie. Eers wanneer die volk sélf die gegewe hulp met eie kundigheid en vaardigheid begin aanwend, word dit deel van hulle lewenspatroon.

Om (afsonderlik) werklik te ontwikkel, sal die volke van die Tuislande so gou moontlik die nodige ondernemerskap moet ontwikkel, sodat hulle die hulp wat in hierdie verband deur die RSA aan hulle verleen word, kan oorneem. Dit is vir die RSA onmoontlik om in al die behoeftes van almal te

voorsien. Die las word te groot, ten spyte van die grootste gewilligheid. Aan die ander kant is dit nie moontlik om dit wat benodig word, op korttermyn of selfs binne 'n geslag voldoende te ontwikkel nie. **Dit lei tot die wesensvraag: Is afsonderlike ontwikkeling ekonomies haalbaar?**

Hierdie vraag stel 'n vals probleem. Daar is reeds op die politieke aspek gewys wat so ver gevorder het dat dit nie meer omgekeer kan word nie. Ten opsigte van die BLS-lande is die ou gee-en-ontvang-verwantskap met die RSA deur 'n formele onderhandelingsverhouding vervang en dieselfde kan ten opsigte van die Transkei en sy navolgers verwag word. **Veral sal die formalisering baie gou aan beide kante in die denkwyse van die mense gestalte kry.** Dit sal meebring dat die verantwoordelikheid vir die eie ontwikkeling by die betrokke lande tuisgebring word en nie meer regstreeks by die RSA berus nie. Omgekeerd sal die RSA sy gevoel van regstreekse betrokkenheid by die lot van die Transkei sien en voel verander. Namate dit gebeur sal die vraag nie meer wees óf afsonderlike selfstandige ontwikkeling haalbaar is nie, maar hóé dit plaasvind. Hierby geld méér as 'n tegniese aanpassing. **Die krag van die nasionale ontplooiing van 'n volk moet nooit onderskat word nie, soos uit die geskiedenis van die Afrikaner blyk.**

DESENTRALISERING EN AFSONDERLIKE ONTWIKKELING

Desentralisering is 'n belangrike instrument om afsonderlike ekonomiese ontwikkeling te bevorder. Desentralisering is vandag beleid in alle ontwikkelde lande vanweë die oormatige saamtrekking van ekonomiese

bedrywigheid in sekere gebiede en die gepaardgaande ontvolking en ekonomiese veragtering van die *platteland*. In Suid-Afrika het hierdie saak 'n sterk, byna oorheersende volkekundige inslag, aangesien die ekonomiese bedrywigheid in die RSA in vier hoofgebiede saamgetrek is, ver van mekaar af en almal binne die RSA self. Die *platteland* sluit al die Tuislande in, met as gevolg 'n stroom werkers daarvandaan na die RSA se saamtrekgebiede toe. **Gevolglik is die desentraliseringsbeleid in Suid-Afrika, sterk op die ontwikkeling van die Tuislande gerig.** As die ietwat versluierde interstaatlike gedagte hier beklemtoon word, behels dit dat die RSA as beleid aanvaar dat ekonomiese bedrywigheid van sy eie saamtrekgebiede na die Bantoe se herkomslande oorgeplaas word.

In ooreenstemming daarmee bestaan die desentraliseringsbeleid uit twee hoofelemente: **Die ontwikkeling van grensnywerhede en Tuisland- of hartlandontwikkeling.** Terwyl die sukses van die grensnywerheidskema nie so groot is as wat aanvanklik gehoop is nie, bly dit 'n voldonge feit dat 'n groot getal werkgeleenthede vir pendelwerkers téén die Tuislandgrense geskep is en kan honderde duisende Bantoe binne hulle Tuislande bly in plaas van trekarbeiders te word. Ongelukkig het die verwagte uitkring- en vermenigvuldigergevolg van hierdie beleid nog nie sterk ontwikkel nie. Die pendelwerkers se inkomste word grotendeels nog in nabygeleë Blanke dorpe bestee, sodat daar nie die nodige stimulus aan koopkragontwikkeling in die Tuislande gegee word nie. Die hartlandontwikkeling is daarop gemik om onder andere hierdie probleem teen te werk.

Hartlandontwikkeling steun volledig op die optrede van die

ontwikkelingskorporasies van die Tuislande en het ten doel die stigting van groeipunte binne dié lande. So bestaan daar reeds klein konsentrasies by Butterworth in die Transkei asook by enkele plekke in Kwa-Zulu en Bophuthatswana. Butterworth verdien uitsondering omdat dit die verste van die bestaande saamtrekgebiede in die RSA geleë is. Sy ontwikkeling was oor die laaste drie jaar of wat fenomenaal en sy voortgang sal vanweë sy ligging die beste die gang van sake aantoon wat verwag kan word. Die instelling van die agentskapstelsel enkele jare gelede het hartlandontwikkeling sterk aangemoedig en tans kom kapitaal die Tuislande in redelike omvang ook uit Europa binne. **Al het die ontwikkeling pas begin en al moet die vermenigvuldiger nog sy werk begin doen, kan nou reeds gestel word dat etlike tienduisende nuwe werkgeleenthede binne die Tuislande ontstaan het. Dit verbeter die bestaande toestand deurdat 'n groot aantal nuwe toetreders tot die arbeidsmark nou binne die Tuislande werk kan vind, hetsy regstreeks, hetsy dat trekarbeiders uit die RSA die poste in die Tuislande vul.**

By die beoordeling van die desentraliseringsbeleid en wat daardeur behaal is, word daarop gewys dat die beleid as sulks eers ná 1960 aan die gang gekom het en in kort tyd van die grond af opgebou moes word. Daarby moes dit in snelle opeenvolging deur verskillende fases gestuur word. Ook moes ervaring leer hoe sterk die aanmoediging tot desentralisering moes wees. Aansluitend was geldelike middele en mannekrag beperk sodat die beleid in mededinging met en binne die raamwerk van die bestaande ekonomiese struktuur gekom het. Dit het meegebring dat die desentraliseringsbeleid hoofsaaklik marginaal aangepak is, slegs met betrekking tot nuwe ekonomiese

bedrywigheid, sonder om die herverspreiding van die bestaande bedrywigheid doelbewus aan te moedig. Suiwer met betrekking tot die ontwikkeling van die Tuislande, dus as intrument van afsonderlike ontwikkeling, is dit die swakste punt van die huidige desentraliseringsbeleid. Die klem is en bly voorlopig op die skepping van *nuwe* suigkrag binne die Tuislande sonder om enigsins die *bestaande* suigkrag van die saamtrekkings binne die RSA te verminder, dus die *aanmoediging* van desentralisering eerder as die *ontmoediging* van saamtrekking. Die maatreëls om bykomende saamtrekking teen te werk, is beperk en oor die afgelope tyd selfs verswak, soos met die verlaging van die verhouding Blank-Bantoe in saamtrekgebiede.

Sowel met die oog op die versnelde ontwikkeling van die Tuislande as die stygende koste van verdere saamtrekking vir die RSA (en daarby vir die hele Suid-Afrika) sal die ontmoediging van verdere saamtrekking meer aandag moet kry, veral ten opsigte van arbeid. Dit kan gedoen word deur die uitgebreide en streng toepassing van die maatreëls wat op sogenoemde geslote gebiede van toepassing is. Daarbenewens kan onregstreekse ontmoedigingsmaatreëls teen verdere saamtrekking ingestel word waar dit die indiensneming van Tuislandburgers behels of aanmoedig. Hier bestaan die moontlikheid om (voornemende) werkgewers 'n soort belasting op trekarbeid te laat betaal aan die Tuislande van herkoms van hulle werkers. Sodoende sal die toenemende koste van saamtrekking onregstreeks van die verantwoordelike ondernemers verhaal word, aangesien die voorgestelde belasting aan die Tuislande die gebruik van belasting-geld uit die RSA vir die ontwikkeling van die Tuislande gedeeltelik sal vervang. Die belasting kan op

verskillende maniere ingestel word, byvoorbeeld deur die algemene loonpeil in die konsentrasiegebiede drasties te verhoog en 'n deel van hierdie verhoging in die naam van die werknemer aan sy Tuisland oor te betaal, of 'n regstreekse belasting, of 'n vaste belegging deur die werkgewer in die Tuislande. Die doeltreffendste metode sal deur ondersoek bepaal moet word.

Die uitwerking van elk van hierdie maatreëls sal in wese eenders wees omdat almal daarop gemik is om die arbeidskoste in die saamtrekgebiede in absolute én verhoudingsin te laat toeneem. Hieruit sal volg dat die voornemende(en selfs bestaande) werkgewer weer 'n keer na die desentraliseringsgebiede sal kyk op grond van die vergroting in die loonverskil tussen dié gebiede en die saamtrekgebiede. Verder sal die Tuislande kort- en middeltermyngeld sien invloei wat vir die finansiering van ontwikkelingsprojekte aangewend kan word. As 'n deel van 'n loonsverhoging as spaarheffing in die naam van die werknemers oorbetaal word, sal hierdie mense by hulle terugkeer nie net deelgenote aan die ontwikkeling van hulle lande voel nie, maar ook sélf neseiers hê waarmee hulle iets kan begin.

'n Sterk en belangrike gevolg van die verhoging in die arbeidskoste in die saamtrekgebiede is dat dit ondernemers sal noop om al meer na kapitaalintensiewe produksiemetodes oor te gaan. Dit wil sê kapitaal vervang arbeid gedeeltelik as produksiefaktor. Dit beteken die tegnologiese modernisering van die produksiestruktuur en sal dit moontlik maak om op nuwe maniere met minder arbeid dieselfde totale produksievlak te behou. Dit beteken verhoogde produktiwiteit by dié deel van die mense wat by

die produksieproses gemoeid bly en die vrystelling van die res vir die produksie van goedere in ander ondernemings, verkieslik in die Tuislande. Die groei van die RSA sal dus nie aangetas word nie en sal slegs 'n aanpassingstydperk deurgaan. **Dit is immers vir die RSA én vir die Tuislande lewensbelangrik dat die RSA se ekonomie sterk en gesond bly. Daar word weer op gewys dat een land 'n ander slegs kan help as hy sélf welvarend is.**

Let daarop dat die verhouding tussen die RSA en die Tuislande as doelwitte van sy desentraliseringsbeleid sodanig is dat dieselfde ekonomiese subjekte en objekte steeds betrokke is. Besonderlik gaan dit om die skepping van werkgeleentheid binne die Tuislande *ter vervanging van* werkgeleentheid in die RSA se saamtrekgebiede, maar dan op so 'n wyse dat die totale gesmentlik produksie van die RSA en Tuislande nie net nie minder word nie, maar selfs vooruitgaan. Uit die voorgaande is dit duidelik dat soiets wel moontlik is. Die proses behels die uitvoer van kapitaal en ondernemingsin vanuit die RSA na die Tuislande en hulle arbeid toe, eerder as om die arbeid na die ondernemer en sy kapitaal toe aan te voer. Aangesien kapitaal leweloos is en arbeid nie, voorkom dit die veronderstelde *onmenslikheid* van trekarbeid. Dit is opmerkenswaardig dat die Internasionale Arbeidsorganisasie in ooreenstemming met die *Verklaring van Menseregte* aan die een kant predik: *Elke mens het die reg op werkgeleentheid op enige plek in die wêreld.* Aan die ander kant trek hierdie selfde organisasie orals ter wêreld luidkeels teen trekarbeid te velde. Hierdie teenstrydigheid openbaar hom omdat die humanisties-aardse grondslag van die IAO die grondliggende waarheid ontken **dat elke mens 'n eie verantwoordelikheid besit, en so ook elke gemeen-skap en elke volk. Veeleer is dit waar dat elke**

mens die reg besit om *in sy eie milieu* vir hom en diegene rondom hom werkgeleentheid *uit te werk* met alle mag en krag waaroor hy beskik. Daarom kan daar geen beter hulp verleen word as om mense en volke hiertoe te bring nie. Dit is die ondergrond van afsonderlike ontwikkeling: Hulpverlening aan die Bantoevolke sodat hulle tot ekonomiese en algemene selfverwesenliking kan kom.

UITVOERBAARHEID EN DOELGERIGTHEID

Daar is vroeër op gewys dat die Bantoevolke 'n aansienlike tekort aan die nodige ondernemingsin en kapitaal toon wat vir hulle ontwikkeling nodig is, en dat die ontwikkeling wat in die Tuislande plaasvind deur die uitvoer van hierdie faktore uit die RSA na die Tuislande toe verwesenlik is en word. Dat hierdie tekorte, en veral van ondernemerskap, nie binnekort genoegsaam onder die Bantoe self opgelos kan word nie, moet as gegewe aanvaar word. Dit lei tot die vraag of hierdie tekort, wat volgens vele reeds sterk in die geheelekonomie van Suider-Afrika gevoel word, nie die uitvoerbaarheid van afsonderlike ontwikkeling deur die desentraliseringsbeleid onmoontlik maak nie. Daar is op gewys dat desentralisering dieselfde ekonomiese subjekte en objekte betrek. Sal tekorte wat in die geheelekonomie bestaan, nie ook in die samestellende deelekonomieë voorkom nie?

Onregstreeks en gedeeltelik is aangedui dat dit nie noodwendig so hoef te wees nie. Die voorgestelde loonsverhoging in die saamtrekgebiede sal tot die instelling van kapitaalintensiewer produksiemetodes lei (wat al aan die gang is, onder andere in die goudmyne). Dit kom neer op meganisering en outomatisering. Daardeur word arbeid

van 'n sekere ervarings- en skolingsgraad vir indiensneming elders vrygestel waar die arbeidskoste in verhouding tot kapitaalkoste laer is. **Maar outomatisering en meganisering stel ook arbeid op die laer en middelbestuursvlak vry, hetsy deurdat sekere mense nie meer nodig is nie, hetsy hulle tydsgebruik verbeter word. Hierdie arbeid kan met groot nut na die desentraliseringsgebiede of dan die Tuislande gerepatrieer en daar tot die eie interne voordeel aange-wend word. Dit gaan immers om dieselfde ekonomiese subjekte en objekte terwyl die plek van hulle aanwending verskil.**

Dit laat steeds die algemene tekort aan ondernemerskap en hoëvlak-bestuur wat nie so maklik deur tegniese hulpmiddele vervang kan word nie. In die moderne ekonomiese opset kom die eenmansondernemer nie meer so sterk as vroeër na vore nie en is daar vandag 'n skeiding van die ondernemersfunksies. Veral is die bestuursfunksie nie noodwendig meer die verantwoordelikheid van die ondernemer nie, nóg is die bestuur van 'n onderneming die werk van een enkele persoon. Die moderne verbindingsmetodes maak dit selfs moontlik om die bestuursfunksie oor groot afstande te deel of te verdeel, met een of twee ondernemings of takke van dieselfde onderneming onder een sentrale hoofbestuur, met laervlakbestuur by die plaaslike ondernemings. 'n Toepaslike voorbeeld is dié van 'n fabriek in Johannesburg wat wil uitbrei. Sonder om sy hoëvlakbestuur te verdubbel kan hy die uitbreiding ewe maklik in Pretoria, in Johannesburg **of in Butterworth** uitvoer. In die laaste geval kan hy dan vir die laervlakbestuurswerk plaaslike mense (dit wil sê Transkeiers) betrek wat deur die kapitaalintensifiëring in die saamtrekgebiede nie meer

werk daar kan vind nie. Logieserwys is dit makliker om geskikte mense vir die laervlak- as vir die hoërvlakbestuur te vind.

'n Bestuurservaringsmeganisme kom sodoende tot stand wat die deurstroming van mense uit die laer na die hoër vlakke vergemaklik. Die aangeduide weg bied aan die Transkeiers (en ander Bantoe in hulle eie lande) die moontlikheid om ongehinderd die volle weg boontoe te vind, sonder dat die onmoontlike onmiddellik van hulle verwag word. Die wyse waarop die ontwikkelingskorporasies werk, onder andere deur die agentskapstelsel, is daarop ingestel dat die buitelandse (Blanke) bestuursmense so gou moontlik deur geskikte Bantoe vervang word in alle ondernemings binne die Tuislande, terwyl honderde Bantoe-ondernemers regstreeks deur die bemiddeling van die korporasies eie ondernemings opgerig het en bestuur. Hierby geld dit nie noodwendig reuse-ondernemings soos dié in die saamtrekgebiede nie. Dit is juis van belang dat die klein onderneming, die eenman- of gesinsaak, die beginpunt van ontwikkeling onder die volksmassa in 'n onderontwikkelde gebied sal uitmaak. **Vir enige volk wat wil ontwikkel is dit allereers nodig dat *die gees om te ontwikkel* die volk *in sy geheel* beetpak en in die alledaagse lewe toonaangewend indien nie oorheersend nie sal wees.** Dit is goed en nodig dat die groot ondernemings moet kom, maar die verspreiding van kennis, van tegnologiese vernuwing onder die volk is grotendeels die taak van 'n groot getal plaaslike onderneminkies wat dwarsoor 'n land versprei staan. Die voorgestelde heffing op lone wat in die RSA verdien en aan die Tuislande in naam van die werkers oorbetaal word, kan uitmuntend as neseiers vir sulke klein ondernemings dien.

Word daar op die pad van die RSA self teruggekyk, blyk dat sy eie ontwikkelingsgang wesenlik die patroon toon wat hierbo beskryf is. Trouens, selfs vandag nog maak die RSA uitstekend van ingevoerde tegnologie gebruik, ook al voer hy dit self uit ook. Tydens die koloniale tydperk was die RSA gedwonge sterk op Engeland aangewys, maar deur harde werk en stryd het hy daarin geslaag om die ingevoerde tegnologie sy eie te maak en na eie behoefte aan te pas en te ontwikkel. So het hy daarin geslaag om die buitelandse houvas oor sy ekonomie af te gooi en tot selfstandigheid te ontwikkel. Die doel van afsonderlike ontwikkeling is om die ontluikende Bantoestate in Suid-Afrika hiertoe volle geleentheid te gee. Die verskil met die RSA se ekonomiese geskiedenis is dat dit sonder stryd aan die Tuislande aangebied word. Harde werk bly egter steeds 'n vereiste. Dit behels die volle aanwending van al die produktiewe kragte, en veral die menslike vermoëns wat natuurlikerwys aan hierdie lande behoort, en daarby die verdere uitbou van hierdie kragte. Daar is aangetoon dat dit wel haalbaar is. Dat dit lank sal neem is ook waar, ook dat dit verkeerd sal wees om die tempo te hoog te probeer opstoot. Dan val alles oormekaar en tuimel uiteindelik inmekaar.

Die belangrike is dat geen beletsel op die weg na hierdie ideaal geduld mag word nie. Hoewel die nuwe ondernemings in die Tuislande aanvanklik min-of-meer verlengstukke sal en mag wees van ondernemings in die RSA en elders, moet die pad vir hulle oop wees om hulle van die moederondernemings los te maak namate die bestuursfunksie meer en op hoër vlak deur plaaslike mense uitgevoer kan word. Die voorwaarde is vanself dat dit deur 'n proses van natuurlike rypwording moet geskied.

Verder moet die RSA tot die erkenning kom dat hy geen aanspraak op die produksiefaktore en by name die arbeid van die ontluikende state het nie. In hierdie verband word na die RSA se houding teenoor Lesotho en Mosambiek verwys, vanwaar hy deur ooreenkoms sekere getalle werkers trek, maar sonder dat hy enige aanspraak op hierdie mense het of selfs wil hê. Dit geld veral die dun roomlagie, die geringe getal Bantoe wat reeds hulle vermoë in die uitvoering van sommige of al die funksies van 'n ondernemer getoon het. In die holistiese eenheidsredenasie word die standpunt openlik verkondig dat steeds meer Bantoe gebruik moet word om die tekort aan opgeleide Blankes aan te vul, maar dan vanselfsprekend in die saamtrekgebiede en met die veronderstelling dat dit onder voortgesette (Blanke) *leierskap* sal geskied.

Tot die helfte van die vyftigerjare, word daar gesê, het die Engels-sprekendes in die RSA vrywel alle ondernemings- en bestuurskrag voorsien. totdat dit vir hulle te moeilik geword het om die las alleen te dra. Daarna het hulle die Afrikaner ingetrek, per toelating tot die algemene bestuursvlak laat toetree nadat die Afrikaner toe die taak opgelê is om die openbare en dienstesektore te beman. Vandag bevind die Blanke, en bepaaldelik die Afrikaner as die enigste werklike inheemse volk in Suid-Afrika, hom in die soortgelyke posisie dat hy onmoontlik nie kan voortgaan om sy eie ekonomie in stand te hou én nog die leidinggewende personeel vir vier- of vyfkeer sy eie grootte te voorsien nie.

Die oplossing lê egter nie in holistiese ekonomiese integrasie nie, aangesien dit tot 'n horisontale skeiding sal lei wat die bestaande toestand eerder sal vererger as verbeter. **Deur elke volk toe te laat om op sy eie die**

beste gebruik van sy eie produksiefaktore te maak, is dit moontlik om volgens die riglyne wat tevore aangedui is, die oplossing van 'n ongewenste toestand nader te bring. Dit is ook die enigste regverdige manier om die totale produksie wat oor die hele Suid-Afrika opgelewer word, onder die inwoners te verdeel. Want sodoende sal elke volk die alleenaanspraak op sy produksiefaktore ook werklik kan uitoefen, afsonderlik van die ander volke, en die wyse waarop hy dit doen en waarop hy die ontginning van sy hulp-bronne uitvoer, sal sy welvaartspeil bepaal. **Selfbeskikking gaan hand-aan-hand met eie verantwoordelikheid.** Aan die ander kant is dit ook die enigste manier waarop daar voorkom kan word dat die RSA se saamtrekgebiede onbeperk voortgaan om die beste menslike kragte van die Tuislande aan te trek en vir eie vooruitgang te gebruik. Dit is onredelik en oneties. Niemand moet hoër probeer vlieg as wat sy vlerke lank is en ander se kragte daarvoor gebruik of misbruik nie. Dit is letterlik roofbou, en soos in boerdery is roofbou ook hier tot niemand se voordeel nie, nie die roofbouer s'n nie, en ook nie roofbeboude s'n nie.

Waar voorgestel word dat die arbeid van die Tuislande deur die RSA vir diens in eie lande vrygestel moet word, is gepoog om aan te toon dat dit sover moontlik deur die verplasing van arbeid deur kapitaal moet geskied, en wel op so 'n wyse dat die RSA se ekonomie nie geskaad word nie. Dit is om meer as een rede nodig en geregverdig. ***Nodig***, omdat die RSA sy selfopgelegde verantwoordelikheid en aanvaarde roeping om die Tuislande vanuit sy posisie van meerdere kennis en ervaring te help, self ook sterk móét bly. ***Geregverdig***, omdat so 'n ontwikkeling nie ten koste van andere gaan nie, maar uit die eie werk en ondernemingsin van die Blanke

voortkom. **Afsonderlike ontwikkeling beteken nie net die ontwikkeling van die Tuislande van die Bantoe nie; dit beteken óók die ontwikkeling van die Blanke se land, die RSA. Daarom moet daarteen gewaak word om nie die Blanke se verantwoordelikheid té ver te wil voer, selfs tot by die punt van 'n gewaande valse gewetenswroeging nie.**

Die RSA se verantwoordelikheid teenoor die Tuislande strek net sóver dat die Blanke die Bantoe tot selfontwikkeling moet help, maar sluit nie die totale versorging van die Bantoe in nie. Dit is op sigself al 'n enorme taak om die nodige ontwikkelingskapitaal en -ondernemingsin te verskaf, maar dit is onmoontlik vir die volk van die RSA om ook nog die volle lewensonderhoud te wil dra van vier of vyf keer sy eie getal sonder om te verarm. Saam met hom sal dan diegene wat hy wou help, totaal verarm.
Tereg word die standpunt deurgaans gehandhaaf dat die RSA geen aanspraak op die produksiemiddele van die Tuislande het nie. Omgekeerd geld dit ook vir die Bantoevolke ten opsigte van die welvaart wat die Blanke volk vir hom verwerf het. Laat dit wees dat hy hierby die dienste van die Bantoe gebruik het, maar hy het dit teen betaling gedoen.

Afsonderlike ontwikkeling beteken die skepping van die geleentheid tot self-ontwikkeling van die Bantoevolke in hullle eie lande. Dit beteken óók die geleentheid tot selfontwikkeling van die Blanke in sý land. As hierdie wedersydse aanspraak erken word, maar alleen dan, kan daar in Suid-Afrika 'n blywende grondslag vir goeie buurskap en vreedsame naasbestaan geskep word.

-oOo-